WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele Rede, nr. 79

DIENSBAARHEID VAN DIE VOLKEKUNDE

Prof. H. van der Wateren

Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Volkekunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 2 Mei 1980.

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1981

DIENSBAARHEID VAN DIE VOLKEKUNDE

Prof. H. van der Wateren

Voorlopige opmerkings

Die opskrif van my betoog veronderstel dat die Volkekunde 'n diens aan die maatskappy te lewer het. Ek sou uiters dislojaal teenoor my vak wees as ek die teendeel aanvaar. Om dit tot vraagstuk uit te lig veronderstel ook dat daar iets aan die diensbaarheid haper. Ek sou ook dislojaal teenoor my vak wees as die swakhede en foute verswyg word.

Terwyl ek die diensbaarheid van die Volkekunde erken, is daar by my die ongerustheid dat die diensmotief sodanig versluier is dat die waarde daarvan nie duidelik gestalte kry nie.

Ten einde hierdie ietwat gewaagde stelling te belig gaan ek van die volgende vertrekpunte uit:

1. Die diensmotief raak die studietaak en -terrein van die Volkekunde, en terselfdertyd is dit vandag 'n beslissende kwalifikasie daarvoor. Oor die taak en terrein van die Volkekunde word gewoonlik volstaan met die klassieke uitspraak dat die Volkekundige hom besig hou met die bestudering vann volke — en daarmee is net mooi niks gesê nie. Wat dit behels, is vandag nog steeds 'n vraag waaroor volkekundiges wyd uiteenlopende menings huldig.

2. Deur die historiese ontwikkeling van die Antropologie en later die Volkekunde is die sentrale tema van die diensbaarheid gesien in die pogings om die mens te verstaan. Hiermee is baie min gesê, omdat dit deur die eeue saam met die eb en vloed van die wêreldgeskiedenis gevarieer het. Van hierdie variasies op die tema moet kennis geneem word, omdat dit onder andere lig werp op die huidige bewustheid van die volksbegrip in die wêreld.

3. Die vraag na die diensbaarheid van die Volkekunde is een met verskillende invalshoeke wat idealiter gelyktydig belig sou moes word. Dit is egter onmoontlik. Daarom wil en met die volgende drie punte volstaan:

... Die historiese raamwerk waarbinne die probleem beskou moet word;
... die bewustheid van die probleem in die Volkekunde;
... die ontvanklikheid van die Volkekunde in die samelewing.

2. Die historiese raamwerk van die probleme

Die diensbaarheid van die Volkekunde is nie 'n probleem wat hipoteties uit die lug gegryp word nie. Dit is egter ook nie in die literatuur in skerp omlynde terme gedefinieer nie. Veel eerder het dit met verskillende aksente in die geskiedenis van die vak rondom die algemene beskouinge van die taak en terrein daarvan gewentel. Daar was tot dusver slegs enkele skrywers, soos Radin, Mühlmann en Evans-Pritchard, wat iets van die probleem geïsoleer het met pogings om die benutbaarheid van volkekundige kennis uit te wys. Baie ander skrywers, Boas, Radcliff-Brown, Dittmer, Potgieter ens., het slegs terloops daarna verwys. Uit die literatuur lyk dit geregverdig om af te lei dat die benutbaarheid van die vak deur volkekundiges so vanselfsprekend aanvaar is dat min spesifieke aandag aan die vraagstuk gegee is. Daarmee het eensydigheid en selfs 'n mate van willekeur oor die taak van die Volkekunde ingetree wat tot verwarrende meningsverskille met betrekking tot die Volkekunde bygedra het.

Dit lyk dus sinvol dat die probleem van benutbaarheid, diensbaarheid (wat later nader gepresiseer word) vandag onder die loepe geneem moet word. Maar daar is ook 'n ander faktor wat die erns van die vraag onderstreep, nl. die neiging om wetenskaplike kennis ten alle koste in die maatskappy toe te pas. Ons leef vandag in Suid-Afrika met die toenemende neiging dat universiteite, navorsingsinstitute ens. — d.w.s. almal wat met wetenskaplike kennisontginning te doen het — as diensorganisasies beskou word. Al meer word gevra na die nut en benutbaarheid van die werk wat gedoen word. Met hierdie aandrang kan ek vrede maak mits sekere voorvereistes nie oorboord gegooi word nie. Ek sal later in 'n onderskeiding tussen benutbaarheid en diensbaarheid hierop terugkom — al bevat my woordkeuse 'n element van willekeurigheid.

Ten einde hierdie probleme soos dit die Volkekunde raak, in die regte perspektief te stel moet die benutting en diens van volkekundige studies soos dit in die geskiedenis voorgekom het, nagegaan word. Enersyds werp dit lig op die huidige stand van volkekundige studies; andersyds verklaar dit ten dele die ontstaan en groei van die benuttings- of diensmotief.

2.1 HISTORIESE HOOGTEPUNTE RONDOM DIE PROBLEEM

Skrywers oor die geskiedenis van die Volkekunde — hoe die vak gewortel en gegroei het — is lief om die geskiedbeskrywing van die klassieke Griekse skrywers soos Herodotos, Thucydides, Polybios ('n Romeinse Griek) en Poseidonios ('n Helleense Siriër) as grondleggende etnografiese werke te

beskou. Hieraan word die reis- en oorlogbeskrywings van Romeine soos Julius Caesar en Tacitus verbind as behartenswaardige etnografieë (Mühlmann, 1968, hfst. 1; Voget, 1975, hfst. 1). Nou is dit opvallend dat die meeste volkekundiges hierdie werke onder opskrifte soos *voorspel of inleiding tot die Antropologie* noem, om daarmee die algemeen antropologiese inslag van die vroeë beskrywings uit te druk. Ofskoon dit dus erken word dat die klassieke skrywers nie volkekundiges was nie, word die waarde vir die Volkekunde gevind in die optekening van kultuurgebruike en volksentiment in die klassieke wêreld.

(Voget (1975, p. 17-20) dui aan hoedat haas elke denkbare wetenskaplike dissipline sy wortels in die Hellenisme vind.)

Die waardeskatting van hierdie werk lê in die nalatenskap van 'n etnografiese oorsig wat dan volgens 'n nuttigheidsoorweging vandag 'n beeld (al is dit gebrekkig) gee van die ontplooiing van volkskulture oor die eeue heen.

Hierdie onuitgesproke oorweging werp lig op die belangstellingsveld van die Volkekunde, nl. *bestudering van die volkskultuur en volksaard.* Laasgenoemde word veral verbind aan pogings tot verklarende teorieë (Mühlmann, 1968, p. 28), soos Polibios, wat aandui waarom die Romeine die klassieke wêreld oorheers het, en Poseidonios se klassifisering van die sg. Thymos- en logosvolke, waarmee hy beskawingsopbloei wou verklaar. Voget merk in hierdie verband op dat vergelyking op grond van gemene delers die grondslag van die teorievorming was (Voget, 1975, p. 14-5) — iets wat baie lank in volkekundige teorieë toegepas is, nieteenstaande die feit dat die meeste skrywers op die naïwiteit van die klassieke pogings wys.

'n Tweede historiese hoogtepunt word gewoonlik gevind in die reisbeskrywings wat uit die sg. ontdekkingstogte dateer, ofskoon daar wel aandag gegee word aan die bykans 1 000 jaar wat tussenin val. Mühlmann verwys na hierdie tydperk as die duisendjarige stilstand (Mühlmann, 1968, p. 30). Vanuit 'n nuttigheidsoogpunt moet ons egter hiervan kennis neem. Dit was naamlik in hierdie periode van geestelike ingeperktheid (Dittmer, 1962, p. 12) dat die wêreld in twee klasse verdeel is, nl. die bekende (Christendomlike) en onbekende (heidense) wêreld. Die onbekende wêreld is deur fantasieë en gedagtevlugte bevolk met monsters soos hondkoppige mense, menskoppige perde, eenoogige en selfs koplose wesens. Aan hierdie wesens is "wilde" en eksotiese kultuurgebruike verbind (Mühlmann, 1968, p. 29-30).

Van belang hierin is dat gevra is na die mensheid van vreemde volke. *Hierin is die nuttigheid van die vreemde vir die tyd opgesluit.* Die Etnohistorie van die Rooms-Katolisisme was naamlik daarop ingestel om aan te toon hoedat alles goed begin het maar weens Adam se sonde aan 'n degenerasieproses onderworpe is. Die mens se historiese gang is om progressief te devolueer totdat God aan die einde van die tyd die verrotting sal beëindig. Nou is die vreemde volke toonbeelde van uiterste verrotting as gevolg van die sonde (Voget, 1975, p. 22-4), en so lei dit tot 'n beeld van Barbareveragting (Mühlmann, 1964, p. 18).

Die uitroeiing van die Amerikaanse Indiane-selfs lank na die ontdekking van die kontinente spruit onder andere uit hierdie veragting. Deur hulle uit te roei, roei jy ook die sonde uit, en so is die fantasiemensbeeld jare daarna ook nog benut. Die onderliggende redenasie is dat hulle nie mense was nie maar duiweldienaars, bestem vir die verdoemenis en daarom willekeurig verhandelbaar (van der Wateren, 1979, p. 13; Dittmer, 1962, p. 13). (Dit kan terloops vermeld word dat dit juis buite-Europese geleerdes was soos Ibn Khaldun, Ibn Batuta e.a. aan wie die dank verskuldig is dat die etnografiese kennis van die tyd nie heeltemal verlore gegaan het nie.)

Gedurende die ontdekkingstogte is dit veral reisbeskrywers soos Wilhelm von Rubruck (Rysbruck), Marco Polo en Bougainville wat die aandag trek. Die klassieke teenstelling tussen staatsburger en barbaar het nou verander tot 'n teenstelling tussen gelowige en heiden.

Die ontdekkers betree nuwe en vreemde wêrelddele en tref tot hulle verbasing nie die opgetowerde monsters aan nie maar mense wat soos mense lyk en wat in geordende maar vir die Europeër vreemde kultuurgemeenskappe saamleef.

Hierdie nuwe insigte van die Europeër kom in 'n nuwe nuttigheidsoorweging vir die Antropologie tot uiting, maar dit bring ook nuwe kritiese vrae. In 1537, byvoorbeeld, spreek pous Paulus III hom by wyse van pouslike bul oor die Amerikaanse Indiane uit en verklaar hulle tot *veri homines: fidei catholicae et sacramentorum capaces* (ware mense, in staat tot die Katolieke geloof en sakramente) (Mühlmann, 1964, p. 19) Nou gaan dit nie meer in die eerste plek om die historiese kultuurontplooiing volgens die orde van wildheid, barbaarsheid en beskawing nie (Voget, 1975, p. 43). Die nuut ondekte wêrelddele huisves vreemde kulture, wat nou horisontale vergelykingsmateriaal bied. En hieruit ontstaan 'n nuwe benutbaarheidsvariasie van etnografiese gegewens: *uit die vreemdheid van ander kulture kan die mens tot groter begrip van die eie kom.* Hierdie nuttigheidsvisie was wel voor en na hierdie periode met wisselende nuanses in die Antropologiese studie

teenwoordig. Die betekenis vir hierdie tydvak lê in die verbinding daarvan met kritiese vrae wat in Europa van die tyd betreffende die eie toestande gevra is.

Hoewel dit ook 'n element van waarheid bevat, het die aanwending daarvan bedenklik geword. Selfkritiek lei tot die veredeling van die barbaar, wat nou as 'n natuurmens beskou word. Dieselfde Indiane wat weens onbeskaafdheid tot en met pous Paulus se verklaring uitgeroei is, word nou beskou as mense wat vry is van slegte invloede. Geletterdheid, kuns en wetenskap is die fonteine van die verderf. Primitiewe kommunalisme en natuurgodsdiens druk geluk en geregtigheid uit (Mühlmann, 1964, p. 21)

In 1511 skryf Maetyr van 'n Sentraal-Amerikaanse stammegroep dat hulle rustig en stil lewe en in hulle daaglikse behoeftes voorsien sonder die verdeling van bronne in *Myne and thyne – the seedes of all Myscheefe* (vgl. Voget, 1975, p. 24).

Bougainville beskryf in 1772 teen die agtergrond van hierdie geestesklimaat die eilandbewoners van Tahiti as mense in 'n paradyslike toestand van geluk en goedheid, en die eiland is bevolk met edele, onskuldige vrouens wat in 'n staat van natuurlikheid leef (Mühlmann, 1964) — 'n beeld wat met betrekking tot hierdie eiland tot vandag toe gekoester word nieteenstaande die weerlegging daarvan deur die latere Forstens.

Barbarensverachtung het omgeswaai tot *Idealisierung und das Suchen nach der reinen Natur des menschen* (Mühlmann, 1964, p. 18).

Die nut van etnografiese gegewens word nou gevind in die moontlikheid om die Christelike dogma van die tyd en politieke vooroordeel te weerlê (Mühlmann, 1964, p. 21). En so het die nuut ontdekte, horisontale vergelykingsmateriaal tot 'n herontdekking van die bestaan van die Europese etnologiese kompleks bygedra. Die nuttigheidsoorweging het tot 'n nuwe beklemtoning uitgekristalliseer: *In die studie van primitiewe kulture (volke) lê die moontlikheid om jou eie beskaafdheid te herwaardeer – nie meer bloot vergelykend nie maar antwoordgewend.*

Uit hierdie gegewens kan reeds die volgende afgelei word:

... Die versameling en vertolking van etnografiese gegewens in Europa het in regstreekse verhouding tot die heersende tydgees gestaan.

... Verbandhoudend daarmee het die beskikbare etnografiese kennis 'n reuse bydrae tot die vorming van die tydgees gelewer. So gesien is die Antropologiese studies van die tyd 'n spieëlbeeld van die Europese volkeretoneel.

... In hierdie lig moet die benutbaarheid van die Antropologie dan ook herken en gewaardeer word. Vir die moderne Volkekunde het dit die implikasie dat 'n bepaalde waarde aan die bestudering van primitiewe volke en kulture toegeken is — en hierdie nuttigheidsoorweging word tot vandag toe aan die vak gekoppel, ofskoon die benutbaarheid dikwels tot eksploitasie ontwrig is.

... Die reisbeskrywings tydens die ontdekkingstogte het meer as 'n blote kennisverbreiding beteken — dit het die wêreldbeeld van Europa totaal verander. Weens die ontdekkingstogte is die handelsheerskappy van Italië vervang deur die handelsheerskappy van die nuwe seevarende moondhede soos Portugal, Spanje, Nederland en Engeland. Die nuut verworwe rykdomme het moontlikhede vir intellektuele vooruitgang en kulturele opbloei verseker (Penniman, 1965, p. 34). Die inhoud daarvan is voorsien deur reisbeskrywings — dit het selfs populêre leesstof geword. Kennis van vreemde volke en eksotiese kultuurgebruike is as tekens van gesofistikeerdheid beskou (Penniman, 1965, p. 35-6).

Met dit in gedagte kan kortliks vanuit die nuttigheidsoorweging en diensmotief na die verdere historiese verloop van die Antropologie gekyk word. Ek volstaan met enkele grepe aan die hand van die algemene geestestrominge in Europa.

Die Aufklärung ± 1700-1780

Kant sê hiervan at dit die uitgang van die mens uit sy ingeskulpte onmondigheid bedoel. In die Antropologie staan Duitse skrywers op die voorgrond met hulle pogings om 'n geskiedenis van alle mense, in alle stadiums van ontwikkeling, in alle plekke te wil skryf (Lowie, 1937, p. 10-1). Dit was studeerkamerpogings gebaseer op beskikbare reisbeskrywings.

Die *diens* hierin was die optekening van konkrete en betroubare etnografiese gegewens. Die *benutbaarheid* daarvan is gesoek in die formulering van etnologiese teorieë oor die historiese ontplooiing van die mensheid.

Die Romantiek ± 1715-1830

Die Antropologie word in hierdie tyd benut om reaksie te illustreer. Herder soek byvoorbeeld die ideaalbeeld van 'n volk in die eie sentimentele volksdomlikheid. In die ongekunstelde eie word die uitdrukkingsmoontlikheid van 'n volk se groei gesoek. *Die diens wat die Romantiek gelewer het, was dat die uniekheid van volke beklemtoon is* (Mühlmann, 1968, p. 62-3).

Die Evolusionisme ± 1850-1900

Die Evolusionistiese denke gedurende die tweede helfte van die 19de eeu het 'n besondere invloed op die benutting an etnografiese materiaal gehad. Die evolusionistiese mensbeeld soos gevorm deur Huxley, Haddon Wallace e.a., wat deur Darwin in 1859 in *The origin of species* saamgevat is, het sy teenhanger in die etnografiese werke en kultuurbeskouinge van De Perthes, Falconer, Bachoven, Maine, McLennon, Morgan, Frazer e.a. gevind. In al hierdie studies is die twee hoekpilare van die Darwinistiese Evolusionisme as uitgangspunte geneem. Die sg. *stryd om voortbestaan* ("struggle for existence") is ligtelik toegepas op kultuurgemeenskappe en met 'n sg. evolusie van kultuurkomponente aangetoon. (van der Wateren, 1979, p. 14). Die sg. *oorlewing van die sterkste* ("survival of the fittest") is ligtelik gebruik om mense-, groeps- en volkereverhoudinge te verklaar. Die metode wat gevolg is, is om een kultuurkomponent, bv. huwelik, gesag, godsdiens, vanuit 'n universele gesigspunt te ondersoek om daarmee die evolusionistiese gang aan te dui. Dit is gegrond op beskikbare gegewens uit oud-Europa, en waar dit ontbreek, is dit onkrities uit primitiewe volke van oor die hele wêreld aangevul (Peniman, 1965, p. 117).

Die nuttigheidseksploitasie van etnografiese gegewens het hiermee 'n hoogtepunt bereik.

2.2 DIFFERENSIASIE EN SPESIALISASIE

Vir die moderne Volkekunde is hierdie periode ook van beslissende betekenis. Die kennisontploffing van die tyd en die grootskaalse formulering van teoriee öm die kennis te vertolk het tot die differensiering in verskillende vakwetenskaplike dissiplines gelei. Ofskoon dit ook in die natuurwetenskappe die geval was, het dit veral onder die geesteswetenskappe plaasgevind (Dittmer, 1962, p. 16). Die Antropologiese wetenskappe het in gespesialiseerde belangstellingsrigtings, bv. Fisiese Antropologie, Etnologie, prehistorie, Argeologie, Sosiale Antropologie ens., en in metodologie uitmekaar begin dryf. Teen 1870 het die moderne Volkekunde as selfstandige

antropologiese wetenskap op eie bene begin staan (Voget, 1975, p. 43). Die belangstellingsveld wat as bruidskat ontvang is, was die kultuurstudie en sosiale gebruike van primitiewe volke; die heersende ideologie waarin dit vertolk is, was die Evolusionisme. *So is die Volkekunde gebore en getoë in die Evolusionisme. En van sy geboorte af is die vak in diens gestel en benut om die beskawing van Europese volke evolusionisties te verklaar.*

> As *Homo sapiens* was zoologically at the peak of the animal kingdom, so Western Europe in 1870 marked the goal of civilization. As the single cell was the hypothectical starting point for evolution, so a savage hovering on the border of bestiality must serve as the point of origin for culture. Since however, that primeval man could no longer be observed, modern savages were lightly substituted insofar as they differed from Victorian Europe (Lowie, 1937, p. 23-4).

2.2 STROMINGE IN DIE VOLKEKUNDE

As die geboorte van die vak pynlik was, dan was die kinderjare met storm en drang gelaai. Reeds aan die begin van hierdie eeu begin volkekundiges met binnegevegte oor wat die eintlike taak en terrein van die Volkekunde is. Nou is dit opvallend dat die nuttigheids- en diensmotief 'n sentrale tema van die gevegte was.

Die vader van die sogenaamde Duitse diffusionisme, Graebner, sien die nut van die Volkekunde in die begrip van jou eie kultuur deur bestudering van ander (Graebner, 1966, p. 161-4). Hierin lê hy swaar klem op historiese ontwikkeling.

Boas, vader van die Amerikaanse kultuurantropologie, stem in breë trekke met Graebner saam maar onderskei die *nut* van die Volkekunde meer gedetailleerd naamlik om te kom tot die begrip van jou eie kulturele en lewensprobleme, in die rekonstruksie van die mensheidsgeskiedenis en in die dinamiek van verandering (Boas, 1940, p. 295 e.v.).

Radcliffe-Brown vind die bestudering van sosiale strukture nuttig omdat die strukture die stabiele element in gemeenskappe is. Die *nut* van die Volkekunde lê in die vergelyking van sosiale strukture. (As vader van die Britse Sosiale Antropologie is Radcliffe-Brown besonder sterk vanuit die Sosiologie beïnvloed.)

Malinowski ontken die waarde van historiese rekonstruksies en sien die *nut* van die Volkekunde hoofsaaklik in die funksionering van 'n enkele kultuur.

Hierdie vier beklemtonings word uitgesonder, omdat dit die denkrigtings was wat met wisselende sterkte in die beoefening an Volkekunde in Suid-Afrika neerslag gevind het.

Die deurlopende nuttigheidsoorweging en diensmotief het met die verdere geskiedenis van die Volkekunde in verskillende skakeringe te voorskyn getree. Dit kan soos volg opgesom word:

... In die differensiëring van historiese skole is dit aangewend om die historiese verspreiding van kultuurgebruikte te verklaar.

... Aan die begin van die 20ste eeu is die Volkekunde tot voordeel van koloniale administrasies benut. Hieruit het ook die gedagte van die sogenaamde toegepaste Volkekunde gespruit.

... In die dertiger- en veertigerjare oorheers akkulturasiestudies die toneel. Historiese kultuurverandering wat deur diachroniese opnames vasgestel word, oorheers die toneel dermate dat die vak in 'n groot mate sy verklaringsmoontlikhede ingeboet het en toenemend 'n historiese wetenskap geword het. Die benutbaarheids- en diensbaarheidsvrae is hiermee totaal op die agtergrond geskuif.

... Die naoorlogse dekolonisering bring nuwe behoeftes. Die Volkekunde, wat in die stadium 'n kwynende vak was (Hoebel, 1972, p. 4), kry nuwe belangstellingsvelde en nuwe momentum. Die vraag of Volkekunde as vak sal ophou om te bestaan as daar nie meer primitiewe volke is nie, sublimeer in vraagstukke oor die ontwikkelingsproblematiek.

Ontwikkelingstudies onder opskrifte soos *Economic Antropology, Transvaction analysis* ('n uitloper van die sg. strukturalisme), *adaptive strategies, community development, problems of transition* sien die lig in moderne pogings om aan die nuwe behoeftes te voldoen. Dit is opvallend dat hierdie vrae telkens na die volksbegrip lei. Die bewuswording van volksbestaan en volksontwikkeling tree steeds sterker op die voorgrond namate groter helderheid oor ontwikkelingsvraagstukke gekry word (Fortes, 1980, p. 12).

'n Nuwe nuttigheidswaarde is gevind — en daarmee saam het 'n hele nuwe generasie Volkekundiges opgegroei. *Die verklaringsmoontlikhede van die vak begin die historiese studies al meer verdring.*

Hierdie vier beklemtonings word uitgesonder, omdat dit die denkrigtings was wat met wisselende sterkte in die beoefening an Volkekunde in Suid-Afrika neerslag gevind het.

Die deurlopende nuttigheidsoorweging en diensmotief het met die verdere geskiedenis van die Volkekunde in verskillende skakeringe te voorskyn getree. Dit kan soos volg opgesom word:

... In die differensiëring van historiese skole is dit aangewend om die historiese verspreiding van kultuurgebruikte te verklaar.

... Aan die begin van die 20ste eeu is die Volkekunde tot voordeel van koloniale administrasies benut. Hieruit het ook die gedagte van die sogenaamde toegepaste Volkekunde gespruit.

... In die dertiger- en veertigerjare oorheers akkulturasiestudies die toneel. Historiese kultuurverandering wat deur diachroniese opnames vasgestel word, oorheers die toneel dermate dat die vak in 'n groot mate sy verklaringsmoontlikhede ingeboet het en toenemend 'n historiese wetenskap geword het. Die benutbaarheids- en diensbaarheidsvrae is hiermee totaal op die agtergrond geskuif.

... Die naoorlogse dekolonisering bring nuwe behoeftes. Die Volkekunde, wat in die stadium 'n kwynende vak was (Hoebel, 1972, p. 4), kry nuwe belangstellingsvelde en nuwe momentum. Die vraag of Volkekunde as vak sal ophou om te bestaan as daar nie meer primitiewe volke is nie, sublimeer in vraagstukke oor die ontwikkelingsproblematiek.

Ontwikkelingstudies onder opskrifte soos *Economic Antropology, Transvaction analysis* ('n uitloper van die sg. strukturalisme), *adaptive strategies, community development, problems of transition* sien die lig in moderne pogings om aan die nuwe behoeftes te voldoen. Dit is opvallend dat hierdie vrae telkens na die volksbegrip lei. Die bewuswording van volksbestaan en volksontwikkeling tree steeds sterker op die voorgrond namate groter helderheid oor ontwikkelingsvraagstukke gekry word (Fortes, 1980, p. 12).

'n Nuwe nuttigheidswaarde is gevind — en daarmee saam het 'n hele nuwe generasie Volkekundiges opgegroei. *Die verklaringsmoontlikhede van die vak begin die historiese studies al meer verdring.*

antropologiese wetenskap op eie bene begin staan (Voget, 1975, p. 43). Die belangstellingsveld wat as bruidskat ontvang is, was die kultuurstudie en sosiale gebruike van primitiewe volke; die heersende ideologie waarin dit vertolk is, was die Evolusionisme. *So is die Volkekunde gebore en getoë in die Evolusionisme. En van sy geboorte af is die vak in diens gestel en benut om die beskawing van Europese volke evolusionisties te verklaar.*

> As *Homo sapiens* was zoologically at the peak of the animal kingdom, so Western Europe in 1870 marked the goal of civilization. As the single cell was the hypothectical starting point for evolution, so a savage hovering on the border of bestiality must serve as the point of origin for culture. Since however, that primeval man could no longer be observed, modern savages were lightly substituted insofar as they differed from Victorian Europe (Lowie, 1937, p. 23-4).

2.2 STROMINGE IN DIE VOLKEKUNDE

As die geboorte van die vak pynlik was, dan was die kinderjare met storm en drang gelaai. Reeds aan die begin van hierdie eeu begin volkekundiges met binnegevegte oor wat die eintlike taak en terrein van die Volkekunde is. Nou is dit opvallend dat die nuttigheids- en diensmotief 'n sentrale tema van die gevegte was.

Die vader van die sogenaamde Duitse diffusionisme, Graebner, sien die nut van die Volkekunde in die begrip van jou eie kultuur deur bestudering van ander (Graebner, 1966, p. 161-4). Hierin lê hy swaar klem op historiese ontwikkeling.

Boas, vader van die Amerikaanse kultuurantropologie, stem in breë trekke met Graebner saam maar onderskei die *nut* van die Volkekunde meer gedetailleerd naamlik om te kom tot die begrip van jou eie kulturele en lewensprobleme, in die rekonstruksie van die mensheidsgeskiedenis en in die dinamiek van verandering (Boas, 1940, p. 295 e.v.).

Radcliffe-Brown vind die bestudering van sosiale strukture nuttig omdat die strukture die stabiele element in gemeenskappe is. Die *nut* van die Volkekunde lê in die vergelyking van sosiale strukture. (As vader van die Britse Sosiale Antropologie is Radcliffe-Brown besonder sterk vanuit die Sosiologie beïnvloed.)

Malinowski ontken die waarde van historiese rekonstruksies en sien die *nut* van die Volkekunde hoofsaaklik in die funksionering van 'n enkele kultuur.

2.4 *ENKELE HISTORIESE MOMENTE IN SUID-AFRIKA*

Die Suid-Afrikaanse Volkekunde het vanaf sy begin in 1922 (West, 1979, p. 1 — volgens Marwick is dit 1923) sy wortels in die Europese toneel van strominge en spanning gehad. Vanselfsprekend het dit na Suid-Afrika uitgekring, maar 'n eiesoortigheid het tog hier te lande gegroei.

Die onderrig van Volkekunde wat in Kaapstad deur die Brit A.R. Radcliffe-Brown geïnisieer is, het vanselfsprekend die stempel van die *Britse Social Anthropology* gedra. In die Engelstalige universiteite is wel koersaanpassings gemaak maar nie radikaal afgewyk nie (Hammond-Tooke, 1979, p. 2). Hammond-Tooke wys daarop dat veral na 1950 'n klemverskuiwing ingetree het van wat hy noem die statiese en geïdealiseerde ontleding van sosiale strukture na vraagstukke betreffende die funksionele werking van sisteme — waarmee hy klaarblyklik kultuur bedoel. Daar word nou veel meer aandag geegee aan die kultuur van die mense wat die sosiale struktuur dra (Hammond-Tooke, 1979, p. 5).

Teenoor die Sosiale Antropologie het die Amerikaanse Kulturele Antropologie (Boas) met sy variante van akkulturasiestudies (Wissler, Herskovits) en etnografiese studies van volkseenhede wat organies funksioneer (Malinowski), onder die Afrikaanse Volkekundiges posgevat. Dit het betreklik gou 'n inspuiting van die Europese (veral Duitse) Etnologie gekry, sodat die sosiale struktuur in terme van die volksbegrip en volkskultuur vertolk is. (vgl. Potgieter, 1956, p. 9-16). Volkskulturele veranderinge, met die klem op die politieke komponent, was tradisioneel die algemene belangstellingsveld onder Afrikaanse volkekundiges. Dit skyn asof die politieke ideologieë van die beoefenaars hierdie twee betalingstellingsrigtings betreklik sterk beïnvloed het. Veral die Engelstalige volkekundiges was ongeneë om die volksbegrip te hanteer, terwyl die Afrikaners dikwels eng daarop toegespits was (vgl. West, 1979, p. 8, 11). *Hierdie skisma is aan die benutbaarheid van die Volkekunde te koppel omdat volkekundige gegewens regstreeks in politieke beleidsontwerp en toepassing neerslag gevind het.*

In Potchefstroom was die kontinentale inspuiting tradisioneel betreklik sterk in die koers wat Lehmann (van wie baie min bekend is) en J.H. Coetzee ingeslaan het. Veral Coetzee het die etnosbegrip (die volksbegrip) en die etnogenese tot groot hoogtes gevoer. Ofskoon sy geskrifte oor die onderwerp formeel nog nie in publikasies afgerond is nie, kan hy as die voorloper op hierdie gebied in Suid-Afrika beskou word.

Die laaste dekade het in Suid-Afrika 'n keerpunt in die Volkekunde gebring. In beide die Afrikaanse en Engelstalige universiteite word die verklarings-

moontlikhede van die Volkekunde beklemtoon. Die beskrywing van sosiale strukture en die historiese ontleding van kultuurverandering behoort grootliks tot die verlede. (In beide rigtings word tans baie aandag gegee aan godsdienstige en lewensbeskoulike motivering wat gedrag en tussenvolkse verhoudings beïnvloed.) Dat die volkekundiges in die land hiervan bewus is, spreek genoegsaam uit die onderwerpe wat die afgelope tyd op die jaarlikse vakkonferensies behandel is. Ofskoon daar begryplik nog reaksie hierteen is, is een saak baie duidelik: die statiese sosiale en/of histories akkultaratiewe inslag in volkekundige studies het vir verklaringspogings plek gemaak. Volkome duidelikheid is nog nie verkry nie, maar die nuwe stukrag bied die moontlikhede van akademiese verfyning en van dienslewering (vgl. Van der Wateren, 1977). Daarom is dit sekerlik geregverdig om te vra hoe gereed die Suid-Afrikaanse gemeenskap is om die diens te ontvang.

Benutbaarheid en/of dienslewering retrospektief beskou

Voordat hierdie vraag beantwoord kan word, is dit nodig om te kyk hoe die diensmotief en/of nuttigheidsoorweging deur (enkele) volkekundiges gehanteer is. Uit die historiese oorsig kan die volgende reeds opgesom word:

... Die begrip diensbaarheid word nie eksplisiet in volkekundige werke gehanteer nie.

... Die gedagte is wel vervat in begrippe soos nuttigheid, bruikbaarheid, waarde ens. Meestal is hierna slegs met kursoriese aantekeninge verwys.

... Oor die taak van die Volkekunde is meer uitgebreid geskryf, en daarmee is by implikasie by die diens van die vak uitgekom (Vgl. Potgieter, 1956).

Evans-Pritchard (1969, p. 1) raak die beeld van die vak aan wanneer hy van die Social Anthropology sê:

> The word seem to arouse vague associations of either apes and skulls or strange rites of savages and various superstitions.

Hiermee onderstreep hy die feit dat die vooroorlogse beoefening van die vak die toeskouer op 'n dwaalspoor gebring het. Hierdie dwaling het volgens hom in 1969 weinig meriete. Hy poog dan op onduidelike wyse om die Volkekunde in perspektief te stel deur die studieonderwerp te omlyn as die bestudering van sosiale gedrag in geïnstitueerde vorme. Hy beperk dit steeds

tot primitiewe gemeenskappe waaraan hy die kwalifikasie van onderontwikkeldheid toeken. Terselfdertyd gee hy toe dat die Volkekunde veral vanuit Amerika ontwikkelde gemeenskappe met welslae bestudeer het. Hy vind dan 'n nuttigheidswaarde in die omvattende bestudering van geheelgemeenskappe. Om die probleem van oppervlakkigheid te bowe te kom behoort die studie van die individuele volkekundige op 'n spesifieke volk of gemeenskap toegespits te word (Evans-Pritchard, 1969, p. 5-10).

Met sy benadering het Evans-Pritchard steeds die beperkte blikveld op die volkekunde soos dit vier dekades gelede beoefen is. Sy troebele visie op die vak spruit uit 'n onduidelike beeld van die diensmotief.

Dittmer (1962) en Tischner (1963) is tevrede dat die vergelykbare kulturele verskeidenheid in die menslike eenheid die studieonderwerp van die Volkekunde is. Die ondersoekgebied is bloot om praktiese redes tot primitiewe volke beperk, omdat hoogkulture te ingewikkeld is om te bestudeer. So volg hulle Groebner na met 'n uitgangspunt dat die Volkekunde slegs via die primitiewe kulture aan hoogkulture diensbaar is.

Met 'n kritiese blik op die historiese ontwikkeling van die Volkekunde staan Mühlmann in 1948 ietwat verleë met die strominge en stuwinge in die vak. Hy sien 'n bodemloosheid en uitsigloosheid met betrekking tot die insig in die ontwykende eensydigheid in volkekundige kennis (Mühlmann, 1968, p. 242).

In 1964 openbaar hy helderder insigte betreffende die nuttigheidsoorwegings in verband met die Volkekunde. Hy lig in historiese perspektief drie algemene neigings uit, naamlik die neiging tot veragting van die primitiewe, die neiging tot verdeling van die primitiewe en die neiging tot realistiese navorsing en onthulling van die gegewenhede (Mühlmann, 1964, p. 18). Die realisme wat hy in die derde neiging uitsonder, het in die tweede helfte van die 20ste eeu egter omgeswaai tot subjektiewe selfsug gestimuleer deur 'n nuttigheidsoorweging omdat hoofsaaklik gevra word watter eie voordeel uit volkekundige kennis behaal kan word (Mühlmann, 1964, p. 19-21). Nou is dit opvallend hoe Mühlmann Christelik prinsipiële uitgangspunte vir die nuttigheidsoorweging stel maar dan nie by magte is om die deurvoering daarvan aan te toon nie.

Teen hierdie agtergrond is dit dus nodig om die nut en diens van die Volkekunde langs mekaar te plaas. *Met sy wortels in die geestesklimaat van die Evolusionisme en daarna baie sterk gevoed deur verskillende humanistiese invloede is dit stellig nie vreemd dat die benutbaarheid van die Volkekunde sterker as diensbaarheid beklemtoon is nie:*

... die nut in die 19de eeu om die Evolusionisme te "bewys";

... die nut aan die begin van die 20ste eeu om koloniale eksploitasie te regverdig (Voget, 1975, p. 787);

... die nut in die vooroorlogse jare om politieke ideologieë te onderskryf (Voget, 1975, p. 790);

... die nut in die naoorlogse geestesverwardheid om met 'n benadering van kulturele relativisme stukrag te gee aan die aftakeling van volkskulturele norme ten gunste van 'n eksistensialistiese wêreldgewete (Voget, 1975, p. 791);

... die nut in die vyftiger- en sestigerjare om onder die dekmantel van ontwikkeling en bevryding by te dra tot die liberalistiese aftakeling van selfidentiteit en volksidentiteit tot 'n struktuurlose wêreldgemeenskap waarin almal vry en gelyk sou wees (Voget, 1975, p. 792).

Dit lyk dus geregverdig om die nuttigheidsbeskouing, soos dit histories in die praktyk tot uiting gekom het, aan die Humanisme te koppel — selfs al was daar soms suiwere bedoelings daarmee beoog. Die nuttigheidsbeskouing het te maklik tot selfsugtige eksploitasie van die studiemateriaal aanleiding gegee. Daarom is dit nie vreemd dat die Volkekunde vanweë die veelheid van strominge in die beoefening daarvan in 'n akademiese moeras beland het waaraan nou met groot gesukkel ontworstel word nie. *So gesien het die benutbaarheid en diensbaarheid van die Volkekunde twee teenoorstaandes geword.* Hierdie teenoorstaandes is in reële terme omgesit deur die diensbaarheid te verswyg en die gegewenhede willekeurig as bevestigingsmateriaal van humanistiese emosies te benut.

Ook die moderne benutting van ontwikkelingstudies kan uit hierdie teenstellings verklaar word. Daar is naamlik vandag 'n oorgevoeligheid om sogenaamde onderontwikkelde lande so gou moontlik op 'n kompeteerbare vlak met die sogenaamde ontwikkelde lande te bring ten einde die aanklag van rykdom versus armoede uit te wis. Dat dit kennelik uit die Humanisme gevoed word, spreek duidelik uit die benadering van die ontwikkelingspogings wat steeds van 'n nuttigheidsoorweging uitgaan. Voorbeelde is:

... die Amerikaanse bereidwilligheid om Nigerië (as olieprodusent) se ekonomie in 'n tyd van oliekrisisse te stimuleer;

... die internasionale blokvorming om Afrika se guns ter wille van die magsewewig en mineraal- en ander rykdomme van Afrika;

... nader aan huis die uitsprake: indien ons Soweto ontwikkel en moderniseer, kan dit vir Suid-Afrika die toegangspoort tot Afrika word.

In al hierdie gevalle blyk die totale onderskatting van die identiteit van die ontwikkelingsvoorwerp. Sy sake word vir hom gereël. Sy gegewe stuk aarde word vir hom volgens selfsugtige maatstaf beheers.

Vir die diensmotief van die Volkekunde het hierdie benadering besondere implikasies.

> Die gedagte dat ander volke ter wille van vergelykende begrype bestudeer word, het vandag 'n relatiewe begrip met beperkte waarde geword. Veel eerder behoort die klem te val op volksidentifisering — van jou eie en in verhouding tot ander volke.

V.M. Damane (1979, p. 6) van die Universiteit van Transkei skryf oor hierdie uitgediende benadering:

> To me this showed a limitation to Black Anthropologist. While it is possible for Whites to study Blacks it is almost impossible to do the reverse. We are therefore constrained to study our own cultures and since our own cultures are not exotic, different or primitive to ourselves I believe that we must look at the ways our cultures came into contact with others and find ways of using this contact to our advantage.

Hiermee verwoord hy — al is dit emosioneel en nog onduidelik geformuleer — die reaksie van die tradisionele studievoorwerp van die Volkekunde. Dit spreek vanself dat hy hiermee 'n wekroep tot verandering uitspel.

So neem die tradisionele studievoorwerpe van die Volkekunde nie meer met die humanistiese benutbaarheid genoeë nie.

.. Die idee dat primitiewe volke ter wille van begrip van moderne volke bestudeer word, moet vandag met groot versigtigheid gehanteer word. Uit 'n opname toon Damane aan dat volkekunde onder Swart studente slegs as 'n middel tot 'n doel beskou word; as 'n blote ondersteuning van vakke soos Psigologie, Sosiologie of Bantoetale. Die toestand is onder Blankestudente nie wesenlik anders nie. Vanuit 'n nuttigheidsoorweging is die Volkekunde op hierdie wyse tot hoogstens 'n ondersteunende middel met beperkte waarde beperk. Damane toon dan ook die nuttelоosheid hiervan aan met betrekking tot Swart

volkekundiges wat nie tot die gemoderniseerde kulture as studievoorwerp kan deurdring nie. Met 'n beroep op Legasse se werk stel hy dit ook duidelik dat dit nie 'n Suid-Afrikaanse probleem is nie maar inderdaad 'n wêreldwye verskynsel. Ook hierin is die Volkekunde vasgedraai in 'n selfsugtige benutbaarheid (vgl. Damane, 1979, p. 6,7).

... Vanuit die nuttigheidsoorweging word volkekundige werke misbruik as bevestigingsbronne wat willekeurig uitgesoek en ingespan word. Dit is veral 'n ernstige beperking op die uitbou van 'n grondige vakfilosofie.

Vanuit hierdie gegewens as vertrekpunt kan die diensbaarheid van die volkekunde in Suid-Afrika van naderby beskou word. Ek het vroeër reeds aangetoon dat daar 'n groter maar steeds onduidelik geformuleerde behoefte aan groter diensbaarheid bestaan. Nou is dit opvallend dat die meeste buitelandse volkekundiges wat Suid-Afrika besoek, die bevolkingsituasie in Suid-Afrika as 'n ideale "laboratorium" vir volkekundige studie raaksien. Dit is ewe opmerklik dat hulle verbaas is oor die lae waardasie wat Volkekunde in Suid-Afrika het. Sommiges wil dit simplisties toeskryf aan politieke verskille wat navorsingsmoontlikhede beperk (vgl. West, 1979, p. 8, 10). Ofskoon dit in die verlede 'n rol kon gespeel het, is dit 'n oorvereenvoudiging van 'n verwikkelde probleem. Veel eerder lê dit op die teenoorstaande groeipole tussen benutbaarheid en dienslewering. Die humanistiese nuttigheidsmotief het naamlik 'n besonder negatiewe uitwerking op die Volkekunde in Suid-Afrika gehad. die waardasie het so laag gedaal dat die Volkekunde gereduseer is tot 'n nooddiens wat solank die toestande in die maatskappy hanteerbaar bly, liefs eenkant in 'n pakkamer toegesluit moet word tot op die oomblik van krisis. Voorbeelde is die Britse ondersoeke deur die War office van die etnografie van Swart volke tydens die Anglo-Boereoorlog; benoeming van volkekundiges op *ad hoc-kommissies* van ondersoek, byvoorbeeld die Tomlinson- en Odendaalverslae; die huidige groot aanvraag vir volkekundiges in die Suid-Afrikaanse Weermag.

Solank die Suid-Afrikaanse maatskappy die noodsaak van die volkekunde tot hierdie vlak reduseer, kan daar geen sprake van werklik wetenskaplike groei wees nie; want tussen krisisse kwyn die vak. Nou moet ook erken word dat die toestand in die verlede so deur baie volkekundiges aanvaar is, en onderwyl vir noodsituasies gewag is, is die tyd verwyl met studies oor allerlei op haas alle denkbare terreine. Sonder om die waarde van hierdie werk af te takel en sonder om ongeregverdig te veralgemeen skyn dit tog asof 'n gees van koersloosheid hierdeur opgewek is. Wat grootliks in die slag gebly het, was 'n helder visie op die diensbaarheid van die Volkekunde.

Om diensbaarheid te omlyn kan die volgende maatstawwe aangelê word:

... Die uniekheid van 'n vak bepaal die uniekheid van sy diensbaarheid.

... 'n Vak konsentreer op 'n spesifieke studieonderwerp waarop sy diensbaarheid toegespits en waartoe dit beperk is.

... Die ontwikkeling van 'n duidelike vakfilosofie gee gestalte aan die gehalte van die dienslewering.

... Die beeld van 'n vak in die samelewing groei enersyds uit en is andersyds afhanklik van die wyse waarop die vak diensbaar gestel word.

Daar is stellig ander maatstawwe en die bostaande kan moontlik fyner geskakeer word. Vir doeleindes van die redenasie volstaan ek egter hiermee. En binne die raamwerk van hierdie maatstawwe vir die dienslewering van die Volkekunde lyk dit asof ons vanuit drie beginsels moet opereer:

1. diensbaarheid in volksverband volgens die liefdeswet van Christus, naamlik dat dit na volksliefde tot God en liefde tot die naaste volk herlei word;

2. dienslewering in kultuurverband, naamlik so dat die kultuuropdrag van God aan die mens herlei word na die volkskulturele beheersing van 'n gegewe stuk aarde maar dan in dienende heerskappy aan God en nie in slawerny van menslike strukture nie;

3. dienslewering vanuit 'n duidelike vakfilosofie wat in die waarheid gegrond is.

Om binne die raamwerk van die maatstawwe aan hierdie drie beginsels gestalte te gee, is dit nodig om die uiteenlopende volkekundige denke en die lae waardasie deur die samelewing bymekaar te bring.

Die drie beginsels kan saamgevat word deur te stel dat die Volkekunde 'n *deurlopende* diens te lewer het ten opsigte van *volksprosesse en volkskulturele ontplooiing* binne die *volkereverskeidenheid* as historiese gegewenhede.

Dit omlyn die uniekheid van die diensbaarheid, dit begrens die diensbaarheid en dit spel die gehalte van die diensbaarheid uit.

Dit beïnvloed ook die metode wat in die vak gebruik word: 'n blote vergelykingsbasis word verander tot 'n verhoudingsbasis. Dan hoef een volk nie via 'n ander bestudeer te word nie maar beide in verhouding tot mekaar. So word ook die waarheid ontbloot. en dan lê die diensbaarheid van die Volkekunde in die bestudering van die selfrespek van volke en die wedersydse respek wat daarop gebou word. Anders gestel kom dit neer op die ontleding van die volkereverskeidenheid in die volkereverhouding en die respektering van mekaar se volksidentiteit. Om dit konkreet te stel word enkele lewensterreine in Suid-Afrika genoem wat as knelpunte uitgewys kan word.

1. Politieke gebied

Dit bestaan in die herkenning en waardering van volksidentiteit en volksroeping wat in die volkereverhouding tot uiting moet kom. Nou is dit opvallend dat tans veral in Afrikanergeledere 'n babelse verwarring met betrekking tot volksidentiteit heers — juis op die tydstip dat dit wêreldwyd as deurslaggewende verhoudingsverskynsel deur volkekundiges erken en gewaardeer word. Onder die aanklag dat volksidentiteit gelyk is aan chauvenisme, word ons eie volksgrense al hoe onduideliker. Die betrokkenheid van die Volkekunde op hierdie gebied moet op die vlak van wetenskaplik beheerde bemiddeling lê eerder as op polities geïnspireerde bemoeienis (vgl. Voget, 1975, p. 793).

Voget, (1975, p. 792) onderstreep die volkereverskeidenheid en volksidentiteit as hy skryf:

> Self-identity, national identity, and the legitimacy of custom and life-style are too important at this time to permit continuation of scientific research from the point of view of science and the researcher alone.

2. Ekonomiese gebied

Ekonomiese groeiteorieë toon 'n algemene neiging tot ekonomiese determinisme — dit wil sê 'n neiging om sekere ekonomiese wetmatighede neer te lê waaraan voldoen moet word ten einde ontwikkeling te laat plaasvind (van der Wateren, 1977, p. 11-3). In hierdie verband kan die Volkekunde bevrugtende bydraes lewer tot die hantering van die ekonomiese kultuurkomponent binne volksverband. Die ekonoom Shumpeter kla trouens dat ekonomiese ontwikkeling dikwels strand op die vir hom onbegryplike terrein van die kulturele lewensvatbaarheid van ontwikkelingsprojekte (vgl. Van der Wateren, 1979, p. 152.)

In wese bevat ontwikkelingsvraagstukke iewers 'n element van kultuurverandering sodat van die akkulturatiewe en etniese kragte hieromheen kennis geneem moet word.

3. Godsdienstige gebied

Grunlan en Mayers (1979, p. 21) verhaal van 'n sendeling wat probleme ervaar het om 'n Indianestam se vertroue te wen. Ten einde raad het hy die vererende stap gedoen om sy seun na die stamkaptein te vernoem net om uit te vind dat hulle 'n naam as privaat eiendom beskou en die sendeling dus van diefstal beskuldig het.

Dit gaan nie hier om die sedelike vrae rondom die gebod *jy mag nie steel nie* maar om die kulturele inhoud wat aan die begrip diestal gegee is. Hierbenewens meen ek kan die Volkekunde 'n bydrae lewer met betrekking tot vraagstukke wat in die begrip *kulturele kerstening* ingebed is (vgl. Van der Wateren, 1979, hfst. 6).

4. Maatskaplike gebied

Die gemiddelde Afrikaner het opgegroei met twee denkstrukture wat sy verhouding met Swartes beïnvloed. Eerstens glo hy dat hy met hom saam opgegroei het en hom dus ken. Tweedens het hy gewoond geraak daaraan dat alles wat in die verhoudinge skeefloop, aan die politieke struktuur, tans bekend as rassediskriminasie toegeskryf word.

As die eerste aanname waar was (?), geld dit in elk geval nie meer vandag nie. Die hoë persentasie verstedeliking onder beide groepe is voldoende beletsel vir 'n deeglike begrip en deernis van mekaar se maatskaplike probleme.

Oor die tweede aanname sê Mia Brandel-Syrier (1978, p. 152) dat Blankes wat die frustrasies van geleerde Swart stedelinge bestudeer "... and already from the start inclined to let their sense of guilt influence them into blaming the Whites wherever possible, may have sometimes mistaken some of the pressures and maladjustments resulting from a too rapid change for the frustrations of political suppression".

sy merk dan ook skerpsinnig op dat sekere frustrsies inherent is aan die vinnige tempo van kultuurverandering waaraan Swartes onderwerp is. Dit skep spanning weens hoë aspirasies teenoor beperkte vermoëns sowel as spanning weens vermoëns en benutbare geleenthede (Brandel-Syrier, 1978, p. 150).

In 'n voorskrif tot die werk *coming through – the search for a new cultural identity* vat sy dit soos volg saam:

> "What we need is a new compassion less sentimental and better informed".

Die laaste woord is inderdaad 'n aanklag teen die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Met hierdie enkele grepe wil ek volstaan. En met die hoopvolle verwagting dat die korps van volkekundiges in Suid-AFrika hierdie vraagstuk opnuut onder oë sien, meen ek dat dit ook tyd geword het dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap sy waardasie van die vak moet heroorweeg. 'n Beginpunt kan in die onderwys gemaak word. Pogings om Volkekunde as skoolvak in te voer of om minstens onderwysers met 'n volkekundige agtergrond toe te rus het in die verlede telkens in burokratiese netwerke vasgedraai. die resultaat is 'n algemene gebrek by skoolgaande kinders aan die elementêrste kennis betreffende Suid-Arika se bevolkingsmosaïek. Dit kan ons nie bekostig nie. Die volkekunde het hier 'n dringende diens te lewer.

En so met 'n diensmotief gebou op die gestelde grondslae van God se Woord ten opsigte van die volksbegrip en die volkskultuur en met 'n vakfilosofie wat sy wortels in die waarheid soek, wil ek die Volkekunde aan die PU vir CHO uitbou. My voorganger, prof. Coetzee, het hierin belangrike fondamente gelê. Vanuit 'n diensmotief moet hierop voortgebou word, sodat 'n vrugtelose nuttigheidseksploitasie oorwin kan word.

BRONNEGIDS

BOAS, F. 1940. Race Language and culture. New York.
BRANDEL-SYRIER Mia. 1978. Coming through the search for a new cultural identity. Johannesburg: McGraw-Hill.
DAMANE, V.M. 1979. Anthropology at a Black university. (Referaat gelewer op 14 September 1979 tydens die jaarlikse konferensie van Suid-Afrikaanse Antropoloë, Kaapstad. Ongepubliseer).
DITTMER, K. 1962. Algemene Volkekundige (vert.) Oorspronklike titel: Allgemeine Völkerkunde: Formen und Entwicklung der Kultur. Utrecht: Aula Boeken.
ERIXON, S. 1967. European ethnology in our time. *Ethnologia Europaea,* 1(1):3-11.
EVANS-PRITCHARD, E.E. 1969. (eerste uitgawe 1951). Social anthropology. London: Cohen and West.
GRAEBNER, F. 1966 (eerste uitgawe 1911). Methode der Ethnologie mit einem vorwort des Herausgebers. Oosterhout N.B.: Anthropological Publications.
FORTES, M. 1980. Anthropology in South Africa. *Royal Anthropoligical Institute News* (RAIN) 37:11-12, April.
GRUNLAN, A & MAYERS, M.K. 1979. Cultural anthropology: a Christian perspective. Grand Rapids: Zondervan.
HAMMOND-TOOKE, W.D. 1979. Social anthropology in South Africa. (Referaat gelewer op 13 September 1979 tydens die jaarlikse konferensie van Suid-Afrikaanse Antropoloë, Kaapstad. Ongepubliseer).
HERSHOVITS, M.J. 1970. Man and his works: the science of cultural anthropology. New York: Knopf.
HOEBEL, E.A. 1972. Anthropology: The study of man. New York: MaGraw-Hill.
JANSEN VAN RENSBURG, N.S. 1970. Geskiedenis van die volkekunde. (ongepubliseerde studiegids, PU vir CHO).
LOWIE, R.H. 1937. The history of ethnological theory. New York: Holt, Rinehart and Winston.
MÜHLMANN, W.E. 1968 (eerste uitgawe 1948). Geschichte der Antropologie. Verbesserte und erweiterte Auflage. Bonn; Athenäun Verlag.
MÜHLMAN, W.E. 1964. Rassen Ethnien Kulturen: Moderne Ethnologie. Berlin: Luchterhand.
PENNIMAN, T.K. 1965. A hundred years of anthropology. London: Gerald duckworth.

POTGIETER, E.F. 1956. Die gebied en taak van die Volkekunde. Intreerede gehou by geleentheid van die aanvaarding van die leerstoel in Volkekunde. Universiteit Pretoria. (Universiteitspublikasies, A. 5.)
TISCHNER, H. e.a. 1963. Völkerkunde Hamburg: Das Fischer Lexicon.
VAN DER WATEREN, H. 1977. Ekonomiese antropologie: verklaringsmoontlikhede. (Referaat gelewer in September 1977 tydens die jaarlikse konferensie van Suid-Afrikaanse Antropoloë, Pretoria, ongepubliseer).
VAN DER WATEREN, H. 1979. Kultuur: Kleed van die mens. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
VOGET, F.W. 1975. A history of ethnology. New York: Holt Rinehart and Winston.
WEST, M.E. 1979. Social anthropology in a divided society. Inougurele rede, Kaapstad Universiteit (Nuwe reeks nr. 57).